**Wat gely het onder Pontius Pilatus**

**Joh 19:1-16**

**22 Maart 2026**

1. Vantevore: Eerste deel van verhoor voor Pilatus waar ware geregtigheid bewerk is te midde van ‘n onregverdige verhoor, waar die Here Jesus aangekla is as Koning van die Jode terwyl Hy die ware hemelse Koning is, waar ware bevryding bewerk is al is die skuldige Barabbas vrygelaat en die onskuldige Here Jesus oorgelewer. Die Here Jesus getuig van die waarheid en is die waarheid.
2. Tweede deel van verhoor voor Pilatus:
    a. Pilatus laat die Here Jesus gesel voor oorlewering tot kruisiging – 2 geselings? (v1,16, vgl Mark 15:15ev)
    b. Pilatus se doel: wou die Jode laat afsien van kruisiging, die Here Jesus waarsku
    c. Detail van geseling: spot die Here Jesus as Koning (v2-3)
    d. “Kyk die mens” – Pilatus beklemtoon die Here Jesus is net ‘n (patetiese) mens (v4-5)
    e. Jode verander aanklag na godslastering (v6-7, vgl Lev 24:16, Mark 14:61-64)
    f. Pilatus word bang: Is die Here Jesus “goddelik”? “Seun van god” ook beskrywing wat keiser gebruik het (v8)
    g. Pilatus is onder die indruk van sy volmag (v9-10)
    h. Pilatus se volmag kom van Bo, van die Vader, af (v11)
        i. Een wat die Here Jesus oorgelewer het = Kajafas (Joh 18:28)
        ii. Kajafas moes beter geweet het, het die Here Jesus se dood beplan – dus meer skuldig as Pilatus
    i. Jode beskuldig nou Pilatus – hy is nie vriend van die keiser nie (v12)
    j. Pilatus bring verhoor tot einde (v13-14)
        i. Voorbereidingsdag = Vrydag voor die Sabbat van die Paasfees
    k. Jode erken net die keiser, die Here Jesus word oorgelewer (v15-16)
3. Betekenis van die gebeure
    a. Die boosheid van die mens se hart
        i. Al die menslike partye betrokke by die verhoor was boos
            - Soldate, Pilatus, Kajafas en leierpriesters
        ii. Vgl Joh 3:19, Rom 3:9-18, 8:7
    b. Die liefde van die Here Jesus
        i. Pilatus sê: “Kyk die mens” – hy sien die Here Jesus as swakke mens
        ii. Maar die Here Jesus was ook toe God, en Sy optrede getuig van sterkte
            - Hy vernietig nie die bose mense rondom Hom nie
            - Hy begryp wat Sy Vader se wil is – Hy drink die lydensbeker
        iii. “Kyk die mens” vs “Kyk die Lam van God wat die sondes van die wêreld wegneem” – Johannes die Doper (Joh 1:29)
    c. Die genade van die Here God
        i. Pilatus dink hy het volmag – maar sy volmag kom van Bo/Vader
        ii. Hoekom laat God dit alles toe? Want dit is wat moes gebeur!
            - God het dit verkies, deel van Sy plan (Jes 53:10, Hand 2:23)
        iii. Hoekom is dit deel van God se plan?
            - Pilatus was kortstondige rolspeler in God se groot plan
            - Rom 8:32: God wil alles (geregtigheid, heiligheid, heerlikheid, ewige lewe) aan gelowiges gee uit genade deur die Here Jesus